Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Wat laat jou sing? Gesprekke oor alternatiewe geluk"

Skriflesing: Lukas 6:17-49

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,

smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange

en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;

in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange

en ek bring aan U die eer.

Broodjies vir die pad

"Happiness is not something ready made. It comes from your own actions."
— Dalai Lama XIV

"The purpose of life is not to be happy. It is to be useful, to be honorable, to be compassionate, to have it make some difference that you have lived and lived well."
— Ralph Waldo Emerson

"I felt once more how simple and frugal a thing is happiness: a glass of wine, a roast chestnut, a wretched little brazier, the sound of the sea. Nothing else."
— Nikos Kazantzakis, Zorba the Greek

◆◆◆

WATERMERK

ek trek jou na
in 4B-potlood en grafiet
met die wegpak van die sketsboek
vee my palm per ongeluk 'n skaduvlek deur jou

in my New Yorkse hotelbadkamer trek ek jou na
met 'n vingerpunt in 'n toegestoomde spieël
los druppers konvegeer en loop
'n traan deur jou

ek trek jou na
teen 'n wasemvlek in 'n grou Schiphol-terminaal
oor lae lande styg 'n vliegtuig wolkwaart deur jou op

met oë op skrefies trek ek jou na
langs my kar op 'n bult net buite Moorreesburg
wuiwende groen koring word jou hare
roomvuil varkore beset jou oë

ek trek jou na
om 'n vrou met 'n latte in 'n kafeetjie in Milaan
wat opstaan, in my rigting frons
en deur jou buitelyn weggaan

ek trek jou na
in die kantlyn van 'n bundel
in jou wange is die woorde
"dis altyd jy, net altyd jy"
getatoeëer

ek trek jou nader
want jy is slegs die wysiging van 'n invalshoek
'n geduldige watermerk wat wag
net
op die reglê van die lig

Jannie Malan (Uit: *In ligte laaie*, 2014: Protea Boekhuis)

*

Jannie, wanneer het jy dié gedig geskryf. Hoe het dit ontstaan?

As ek reg onthou het ek die vers iewers in die eerste helfte van 2012 geskryf. In hierdie jaar moes ek heelwat oorsee reis vir my werk en was ek oppad na Italië. Ek moes op Schipol 'n lang ruk op die lughawe deurbring terwyl ek op 'n konnekterende vlug gewag het. Met die heen en weer stap om die tyd om te kry, het ek in een van die glastonnels wat die opstappunte verbind gaan staan en die aktiwiteite buite die terminaal dopgehou. Dit was toe dat ek die glas opgewasem het en onwillekeurig 'n gesig met my vingerpunt in die wasem getrek het. 'n Vliegtuig het op daardie presiese oomblik, bloot toevallig, van 'n aanloopbaan opgestyg en deur die middel van die skets gevlieg. Dit was die vonk vir die skep van die gedig.

[…]

Hoeveel van dié vers is aan jou "gegee" en hoeveel daarvan was die resultaat van wroeg en sweet?

Soos vroeër vermeld het die vers na my toe gekom in een van daardie stadig-bewegende oomblikke, waarin jy besig is met 'n doodgewone handeling om die tyd te verdryf – met 'n vingerpunt 'n patroon te trek in die wasem op die koue lughawe-venster terwyl jy staar na grondpersoneel wat bagasie karwy, betonstroke, 'n aanloopbaan, 'n vliegtuig wat tydsaam opstyg teen die grou streep van die Nederlandse lae landskap daaragter. **En dan die skielike gewaarwording dat jy in hierdie oomblik iemand geweldig mis.** Die gedagte of gewaarwording het hom dus so aan my geopenbaar, maar van daar was dit kopwerk om aan soortgelyke oomblikke te dink, en dit oplaas te omskryf tot volwaardige vers.

[…]

Kan jy kortliks sê waaroor die vers, volgens jou, handel?

Hierdie, eintlik eenvoudige vers, handel bloot daaroor dat ons, in ons alledaagse handel en wandel nie die gedagte aan, of verlange vir ‘n geliefde kan ontsnap nie. Wanneer jy iemand lief het, of veral ook verlief is, is dit asof die wêreld saamspan om konstant die beeld van die beminde aan jou voor te hou. Jy kan as’t ware nie van die gedagte aan die geliefde ontsnap nie, selfs al wil jy. Hulle watermerk skuil in alles, en word konstant belig. Herinnering sit in die mees alledaagse van handelinge en is onwillekeurig en konstant.

[…]

http://versindaba.co.za/2014/11/12/digstring-watermerk-jannie-malan/

◆◆◆

“You will never be happy if you continue to search for what happiness consists of. You will never live if you are looking for the meaning of life.”
— Albert Camus

Brood vir die pad

'Wat ons thirtysomethings gekry en verloor het'

Gielie Hoffmann

Ons het vir Nelson as ’n vry man uit die tronk sien loop. En sien sterf. Vir Jonty sien duik, Joel sien skop en Hansie sien huil. Ons eerste sokkerspeler se naam was Doctor.

Ons onthou sementtafels onder bloekombome en drink nou ’n *flat white*. Ons het KTV met Candice gekyk en *Kideo* met Natasha. Maar was jare laas op SABC2.

Ons het ons taaltande gesny op Bophuthatswana, Madikizela en Boiphatong. Leer tel met die Boys High-1 en die Waterkloof-4.

Ons verkies nog vetkoek bo bruschetta, maar sukkel nou met polonie en geblikte tuna.

Ons het straatname sien verander en meeste van ons weet nie wie die oues was óf die nuwes is nie.

Ons onthou landlyne, faksmasjiene en selfone met *aerials*. Maar hang nou *wireless* uit saam met mense wat ver is en vermy oogkontak met mense wat naby is.

Ons woon tweede troues by en wonder oor wat ’n mens koop vir iemand wat als gehad het en op ’n manier als verloor het.

Ons google “melkkosresep” as die winter se tande te skerp begin byt, al was ons nooit in ’n koshuis nie. Ons onthou vaagweg ons ouma was in kaneel.

Ons Oppikoppi en Strab en doen al die goed waaraan ons nie in ons 20’s ’n behoefte gehad het nie. En dan glo ons in die wonders van elektroliete en *wet wipes*.

Ons begroot vir Dis-Chem se maandelikse mandjie en hoop daai aanvullings werk al die siektes tee waarteen vrouetydskrifte ons waarsku. Ons Vitality-ouderdom reflekteer nie hierdie pogings nie.

Ons *bant* Maandagoggende tot skuins ná 10:00 en *swipe* ons Virgin Active-kaarte, soms om te oefen, soms vir *smoothies*.

Ons sien die jare aanstap en raak gemaklik daarmee dat ons heel moontlik kinderloos deur die lewe sal gaan. En tog krimp ons ineen wanneer ons daai poskaartgesinne sien verbystap.

Ons aanvaar dat Taylor Swift se musiek skielik vir ons mooi geword het en dat ons selfs ’n Bieber-liedjie of twee se name ken. Maar ons trek die streep by Nicki Minaj.

Ons sien ons ouers word ouer en is nog nie reg daarvoor om hulle te verloor nie, al het ons self al grys hare wat onverwags kop uitsteek.

Ons sien daai meisie van skool op Facebook en wonder of sy ooit êrens in ons rigting gekyk het. Was sy dalk jou Sally Williams-oomblik wat weggeraak het?

Ons skrik nie meer as ons ge-oom word nie, maar skrik nog vir die ooms van ons grootwordjare.

Ons hou wisselkoerse dop en hou ons politieke partye verantwoordbaar. Nooit weer wil ons lewe in ’n wêreld waar een party die oormag het nie.

Ons sing net so hard aan die Xhosa-gedeeltes van die volkslied as aan die Afrikaanse gedeeltes. Maar sal albei offer as iemand vra.

Ons huil as Caster en Wayde oor die wenstreep hardloop en verlang na daardie 1995-ideaal, maar ons weet nou dat die Castle-advertensies nooit werklik was nie.

Ons dink stilletjies dis tyd dat die Engelse ook pak slae kry. Versoening is ’n *feeling, drifting away*.

Die meeste van die tyd is ons in die verkeer of op Facebook of besig om belasting te betaal.

Ons soek raad op webblaaie en rigting by wysgere, ons skrik vir sinodes wat van liefde vergeet het.

Sommige van ons het steeds die jeugsangbundels, die Liedboek en die Bybel, maar ons vind ons geloof in die onbeantwoorde vrae op iTunes.

* *Gielie Hoffmann is 'n lewensafrigter van Pretoria.*

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/wat-ons-thirtysomethings-gekry-en-verloor-het-20160913#

◆◆◆

“For Equilibrium, a Blessing:
Like the joy of the sea coming home to shore,
May the relief of laughter rinse through your soul.

As the wind loves to call things to dance,
May your gravity by lightened by grace.

Like the dignity of moonlight restoring the earth,
May your thoughts incline with reverence and respect.

As water takes whatever shape it is in,
So free may you be about who you become.

As silence smiles on the other side of what's said,
May your sense of irony bring perspective.

As time remains free of all that it frames,
May your mind stay clear of all it names.

May your prayer of listening deepen enough
to hear in the depths the laughter of god.”

— John O'Donohue, *To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings*

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877